kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Dis te laat !?

Skriflesing: Johannes 11:1-44

Broodjies vir die pad

"Although I am a typical loner in my daily life, my awareness of belonging to the invisible community of those who strive for truth, beauty, and justice has prevented me from feelings of isolation."
— Albert Einstein

"there are worse things
than being alone
but it often takes
decades to realize this
and most often when you do
it's too late
and there's nothing worse
than too late"
— Charles Bukowski

"And as I close this chaotic volume I open again the strange small book from which all Christianity came; and I am again haunted by a kind of confirmation. The tremendous figure which fills the Gospels towers in this respect, as in every other, above all the thinkers who ever thought themselves tall. His pathos was natural, almost casual. The Stoics, ancient and modern, were proud of concealing their tears. He never concealed His tears; He showed them plainly on His open face at any daily sight, such as the far sight of His native city. Yet He concealed something. Solemn supermen and imperial diplomatists are proud of restraining their anger. He never restrained His anger. He flung furniture down the front steps of the Temple, and asked men how they expected to escape the damnation of Hell. Yet He restrained something. I say it with reverence; there was in that shattering personality a thread that must be called shyness. There was something that He hid from all men when He went up a mountain to pray. There was something that He covered constantly by abrupt silence or impetuous isolation. There was some one thing that was too great for God to show us when He walked upon our earth; and I have sometimes fancied that it was His mirth."
— G.K. Chesterton, Orthodoxy

"Believing in him is not the same as believing things about him such as that he was born of a virgin and raised Lazarus from the dead. Instead, it is a matter of giving our hearts to him, of come hell or high water putting our money on him, the way a child believes in a mother or a father, the way a mother or a father believes in a child."
— Frederick Buechner

Ek plaas hierdie resensie omdat dit mag help om 'n perspektief op onsself te kry:

Afrikaners: 400 jaar in 300 bladsye

Bruce Clark

***Maverick Africans: The Shaping of the Afrikaners* deur Hermann Giliomee. Uitgewer: Tafelberg. Prys: R350.**

Ek het vol goeie bedoelings weggetrek met *Maverick Africans*: My plan was om elke bladsy dééglik te bestudeer en de laaste verwysing en voetnoot na te gaan soos dit opduik. Dan wou ek die boek 'n tweede keer lees, effe haastiger, amper soos 'n roman wat jy in die kooi kan kafdraf. Met só 'n "formele" en "informele" lees agter die rug kon ek dan as "buitestander buite die Afrikaner-laer" 'n resensie probeer skryf . . .

Maar teen die derde verwysing was ek totaal verdiep in Olive Schreiner se essay "The Boer Woman and the Modern Woman's Question" uit die jaar 1890. Ek het vinnig agterin die boek geloer om 'n idee te kry oor hoeveel verwysings nog wag en ontdek dit beslaan 'n volle 32 blaaie – ruweg 20 verwysings per bladsy! – wat vér bo my vuurmaakplek is!

Hermann Giliomee is 'n uitmuntende en internasionaal gerekende akademikus: Sy kennis van die Suid-Afrikaanse politiek en sy lang lys bekroonde publikasies in dié verband is verstommend en onnadoenbaar omvangryk. Ek het gou besef dit gaan 'n onbegonne taak wees om *Maverick Africans* vanuit 'n "formele" perspektief te beoordeel. Daarom het ek wéér voor begin, maar dié slag al die verwysings geïgnoreer. 'n Wyse besluit.

Die onderwerp van die boek – 'n oënskynlike poging deur Giliomee om sy "eie mense" in Engels aan diegene "buite die laer" te verduidelik – is allermins beuselagtig: Dit dek 'n proses van byna 400 jaar wat die Afrikaner gevorm het.

Vir my besonder interessant is die hipotese dat Afrikanervroue een van die vroeë en invloedrykste magte in hierdie verband was. Terwyl die Engelse reg vroue geklassifiseer het as net 'n trappie bo slawe, was hulle volgens die Romeins-Hollandse reg (soos dit in die Kaap toegepas is), min of meer mans se gelyke.

Hierdie gelykheid het eiendomsregte ingesluit wat daartoe gelei het dat vroue fisiek en emosioneel diep betrokke geraak het by die land. Hul gelykheid op opvoedkundige vlak was die vonk vir 'n soort sosiale selfvertroue, wat weer gelei het tot 'n sekere oneerbiedigheid, 'n verbetenheid en 'n gewilligheid om

hulle vir ’n saak te beywer wat dikwels dié van die mans te bowe gegaan het. Toe die oorlog uitbreek, het Alfred Milner opgemerk die Boere se liefde vir hul grond en eiendom oortref selfs hul intense haat vir die Britte. Gedurende die oorlog was dit ook die vroue wat die vlam in die kwynende en ál moeër Boerekommando’s aan die gang gehou het. Of soos *Maverick Africans* dit stel: “It was the valour of the Bittereinders and, above all, the grim Afrikaner women to persevere until the bitter end that won the Boers universal respect as freedom fighters.”

Tog was die Boervroue maar net een van die kragte wat die Afrikaners help slyp en vorm het. Al die ander word ook in die boek bespreek – van wetgewing, kolonialisme, ras, slawerny, taal en die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot eiendom, klimaat, reis, kos, landbou, ondertrouery en veel meer.

Dit is wonderlik om ’n geskiedenisboek te lees wat so ’n wydlopende veld dek. Trouens, dit is eintlik iets wat ons mekaar verskuldig is, en vir my was *Maver-ick Africans* ’n uitstekende plek om te begin.

Asof dit enigsins nodig was om my te herinner, het die boek benadruk dat niks eenvoudig is nie. In ons huidige emosioneel gelade tydvak is dit so maklik om alles in elementêre terme te beskou, in swart en wit, oorsaak en gevolg. Maar geskiedenisboeke wys telkens alles is ’n proses, en in ons geval ’n stadige een daarby.

Soos in die geskiedenisse van alle ontwikkelende lande is ons basiese tydeenheid nie minute nie, maar dekades. Gebeure is ’n reaksie op vroeëre gebeure. Die Boere se haat vir die Britte het nie oornag ontstaan nie. Die Boervroue het nie in ’n kits en met ’n vurige hart op die toneel verskyn nie. Die trek noordwaarts was nie ’n gier wat oornag posgevat het nie.

Giliomee skilder vier eeue in amper 300 bladsye. Om soveel saamvattende geskiedenis in te neem laat jou voel of jy na ’n tydsverloopvideo kyk: As jy dophou hoe water op ’n rots drup, is daar niks anders te sien as druppels water nie, maar as jy die proses oor 400 jaar dophou, merk jy gou dat verandering weliswaar geleidelik dog onafwendbaar is. Só was dit ook met die vormingsproses van die Afrikaners. Elke nou en dan het iets gebeur wat, as jy dit teen die stadige spoed van verandering beskou, ’n diepgaande uitwerking gehad het: Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het byvoorbeeld die magsewewig verander, terwyl die Jameson-inval bes moontlik ’n oorlog begin het.

Die onderwerp is so omvangryk dat ek as’t ware nog ’n boek sal moet skryf om sinvol op Giliomee se boek kommentaar te lewer. Deur slegs op ’n enkele deel te reageer kom daarop neer dat jy vele ander buite rekening laat, en dis tog een van die goed wat die geskiedenis ons hopelik leer: dat niks in isolasie gebeur nie. Lees dus eerder self Giliomee se boek – dis uitstekend.

Wanneer ’n mens die vormingsproses van Afrikaners oor vier eeue volg, kom jy naderhand by ’n punt waar jy vra: Wat nou? Wat is die finale vorm van die Afrikaner ná vier eeue van soveel eksterne magte en invloede?

Net die titel van die laaste hoofstuk, “The Broken Heart of Afrikaners”, was genoeg om my bewoë te maak. As jy glo Afrikaanse kultuur moet bewaar word, iets wat hand aan hand loop met die bewaring van Afrikaans, is Giliomee se feite en redenasie ontstellend.

Kom ons kyk na die feite: Nadat die Universiteit Stellenbosch (US) Afrikaans laat vaar het, is Potch nou die enigste Afrikaanse kampus wat oor is (uit altesame 37).

Oor die US – ’n instelling wat in 1918 sy deure geopen het met die spesifieke ideologiese doel om “the emblem of a particular, vigorous, growing life for Afrikaners” te word – draai Giliomee glad nie doekies om nie. Hy herhaal Van Wyk Louw se waarskuwing dat die “very existence of Afrikaner people was imperilled if a thousand people in strategic positions gave up on being Afrikaners and preserving Afrikaans as a medium of instruction”. Om dié punt tuis te bring skryf Giliomee die ANC-regering het ’n baie marginale rol in die verengelsing van die US gespeel en ook glad nie die soort druk uitgeoefen wat “enige universiteitsraad of -bestuur met ’n ruggraat” sou oordonder nie.

Nogmaals sien ’n mens niks gebeur in isolasie nie. Iets veroorsaak altyd iets anders. Daar is stellig verskeie redes vir die inkorting van Afrikaans op Stellenbosch, maar die gevolge daarvan word gevoel deur ’n gemeenskap vir wie Stellenbosch ’n geleentheid gebied het om van hul reeds gemarginaliseerde lewe te ontsnap.

Dit word perfek opgesom wanneer Giliomee aanhaal uit ’n e-pos wat hy ontvang het van die oudjoernalis en uitgewer Joan Kruger wat betrokke is by remediërende leesklasse op Paternoster: “What has happened at Stellenbosch University is to me a case of high treason perpetrated against children of a rural community. Universities are there to serve communities.”

Vir ’n swaarkaliber-akademikus is Giliomee se skryfstyl verbasend toeganklik en lig. Nadat ek my rug gedraai het op die honderde verwysings, was *Maverick Africans: The Shaping of the Afrikaners* verbasend maklik om te lees.

Die woord “shaping” suggereer dat die volgende aflewering reeds geskryf word. Terwyl jy hier lees, word ’n Afrikaanse technikon in Centurion gebou, want Afrikaners – of eerder: sómmige Afrikaners – het besef hulle sal na hul eie belange moet omsien.

Dit maak ook nie soveel saak watter vorm die Afrikaner in die toekoms aanneem nie – ’n mens kan wel seker wees hulle sal gesmee word deur een van die woorde in die titel: “maverick” (individualis of jukskeibreker), ’n selfstandige naamwoord vir mense wat in hul denke en dade immer onafhanklik is.

*** Bruce Clark is ’n skrywer van Johannesburg wat die topverkoper-outobiografie *Love Sex Fleas God: Confessions of a Stay-at-home Dad* geskryf het.**

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/afrikaners-400-jaar-in-300-bladsye-20200307

“Home is where somebody notices your absence.”
— Aleksandar Hemon, The Lazarus Project

“For what it’s worth… it’s never too late, or in my case too early, to be whoever you want to be. There’s no time limit. Start whenever you want. You can change or stay the same. There are no rules to this thing. We can make the best or the worst of it. I hope you make the best of it. I hope you see

things that startle you. I hope you feel things you've never felt before. I hope you meet people who have a different point of view. I hope you live a life you're proud of, and if you're not, I hope you have the courage to start over again."
— F. Scott Fitzgerald

"In every important way we are such secrets from one another, and I do believe that there is a separate language in each of us, also a separate aesthetics and a separate jurisprudence. Every single one of us is a little civilization built on the ruins of any number of preceding civilizations, but with our own variant notions of what is beautiful and what is acceptable - which, I hasten to add, we generally do not satisfy and by which we struggle to live. We take fortuitous resemblances among us to be actual likeness, because those around us have also fallen heir to the same customs, trade in the same coin, acknowledge, more or less, the same notions of decency and sanity. But all that really just allows us to coexist with the inviolable, intraversable, and utterly vast spaces between us."
— Marilynne Robinson, Gilead

Brood vir die pad

Herken en erken die waardigheid van die weerloses

RRV

In sy The Sacredness of the Person: A New Genealogy of Human Rights (2011) gee die Duitse sosioloog Hans Joas sy perspektief op die ontstaan en ontwikkeling van die begrip "menseregte".

Hy redeneer dat die belangrikheid van die idee van menseregte die resultaat is van 'n spesifieke historiese proses wat toenemend die gedagte gevestig het dat elke mens sakraal of heilig is – 'n siening wat ook op wetlike vlak neerslag gevind het.

Hierdie heiligheid van 'n menslike lewe onderstreep dan die idee dat alle mense op 'n fundamentele vlak waarde en waardigheid het.

Op Menseregtedag kan ons daarom tereg dink aan hoe mensonterende ideologieë soos rassisme, klassisme en patriargie 'n skending is van die idee dat elke persoon in hierdie sin heilig is en daarom regte en verantwoordelikhede het.

Ons word verder in die besonder herinner om sensitief te wees vir hoe spesifieke omstandighede en denkrigtings sommige by uitstek weerloos kan laat op 'n wyse wat hul menswaardigheid aantas.

Met die groeiende impak van Covid-19 op ons lewens word ons waarskynlik almal op die een of ander wyse met ons eie weerloosheid en broosheid gekonfronteer. En dit is sekerlik so dat daar diegene is wat veral kwesbaar is – ouer mense, mense verswak deur siektetoestande, mense wat weens sosio-ekonomiese werklikhede nie hulself deur sosiale afsondering kan beskerm nie.

Ook mense wat vir die koronavirus getoets word of wat in kwarantyn is of wat die virus het, beleef onsekerheid, kommer en moontlike stigmatisering. En baie kan in die lig van die krisis met goeie rede wonder of hulle op finansiële vlak gaan oorleef.

Menseregtedag kan as oproep dien (ook in samehang met godsdienstige oortuigings) om juis nou elke mens se waarde en waardigheid te herken en te erken; ook – en in die besonder – veral hulle wat weerloos is. 'n Verstaan van die heiligheid van elke mens, wat die waardigheid van die weerloses impliseer, verg nou juis die soort medemenslikheid wat maak dat ons ander met respek en regverdigheid behandel. En dat ons met sagtheid met ons eie en ander se broosheid en vrese sal omgaan.

Dit is daarom dalk goed om saam met ons hoop op uitkoms en heling ook die dikwels aangehaalde woorde uit Ian McEwan se roman Atonement – oor die een karakter wat in die oorlog verwondes en weerloses versorg het – te onthou: "From this new and intimate perspective, she learned a simple, obvious thing she had always known; that a person is, among all else, a material thing, easily torn, not easily mended." –

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-herken-en-erken-die-waardigheid-van-die-weerloses-20200321

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877